

Central Provincial Loft
Sentrale Provinsiale Hok

34267, FAUNASIG 9325, ☎083 511 8736 /081 023 4483
086 741 0540, strydomk@mtnloaded.co.za
www.centralprovincialloft.co.za

NUUSBRIEF MAART 2015 / NEWSLETTER MARCH 2015

Die 2015 inname het baie suksesvol verloop en ons het alle vorige rekords oortref met ongeveer 1,200 jongduiwe en 227 ope duiwe. Baie dankie aan u elkeen wat die vertroue in ons gestel het om u kosbare duiwe aan ons sorg toe te vertrou. Die inname was vanoor die hele land en die duiwe is van hoë gehalte. Dit gaan 'n lekker strawwe kompetisie wees.

Die duiwe is in uitstekende gesondheid en besig om mooi te verveer. Ons is baie gelukkig met die resultaat van die sonhok. Behalwe vir die laaste innames wat nog in die sonhok is, geniet al die jongduiwe elke dag opehok en raak gewoond aan die omgewing om die hok.

Die Ope duiwe is op 10 Maart finaal verwerk en het ook hulle Paramyxo inenting ontvang. Die finale lys van duiwe vir die 2015 Ope is beskikbaar op ons webwerf www.centralprovincialloft.co.za sowel as op die nuwe Benzing webwerf http://benzing.one-loft-race.net (Training – kliek op Basketing List). Die volledige inskrywingslys (Jaarouds sowel as Opes) is ook onder "Participants" beskikbaar. U kan gerus name deurstuur vir die duiwe wat nog nie name het nie.

Die Sentrale Provinsiale Hok beoog om die duiwe goed te beproef en die oefenprogram op te skerp sodat ons die beste moontlike resultate kan verkry. Oefenwedvlugte vanaf ongeveer 100 km sal op die Benzing webwerf beskikbaar gestel word.

Die sukses van hierdie hok berus op twee bene. Die een is die terugkeersyfers van die hok, waarvoor ons verantwoordelik is. Die ander een is die uitbetaling van alle prysgelde soos beloof. In hierdie verband het ons u ondersteuning met die betaling van u inskrywings nodig. Ons ondersteuners het ons in die verlede nog nooit in die steek gelaat nie en ons vertrou dat dit hierdie jaar ook die geval sal wees. Rekeningstate sal u eersdaags bereik. Baie dankie ook aan diegene wat alreeds hulle betalings gemaak het.

The 2015 intake had been very successful and we have surpassed all previous records with about 1,200 young birds and 227 open pigeons. Thank you for entrusting your precious pigeons to our care. The intake was countrywide and the pigeons are of high quality. The 2015 season will be a stiff competition.

The pigeons are in good health and moulting nicely. We are very happy with the result of the sun cage. Except for the last intakes that are still in the sun cage, all the yearlings enjoy open loft and familiarise themselves with the area.

We finalised the Open pigeons on March 10th and they received their Paramyxo vaccinations. The final list of pigeons for the 2015 Open is available on our website www.centralprovincialloft.co.za as well on the new website http://benzing.one-loft-race.net Benzing (Training - click Basket List). The full entry list (Yearlings as well as Opens) is available under "Participants". Please feel free to forward names for the pigeons that are still nameless.

The Central Provincial Loft wants to properly test your pigeons and will sharpen up the training program so that we can achieve the best possible results. Training flights from about 100 km will be made available on the Benzing website.

The success of this loft stands on two legs. One is the return rates of the loft which is our responsibility. The other is the payment of all prize money as promised. In this regard, we need your support to pay your entry. In the past our supporters have never let us down, and we trust that this year it will also be the case. Statements will reach you soon. Thank you to those who have already made their payments.

Regards

Koot & Hilda Strydom